

Woensdag 28 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 8:8-9

Fokusgedeelte: Hooglied 8:8-9

Laat jou kuisheid God eer

Deur die hele Hooglied sien ons hoe mooi God liefde gemaak het. Ons sien dat die intieme liefde 'n saak tussen man en vrou is; 'n man en vrou wat lewenslank aan mekaar verbind is.

In verse 8 tot 9 is dit die vrou se broers wat aan die woord is. Die broers wil hulle suster se eer beskerm. As jy nog te jonk is, sal hulle doen wat nodig is om haar eer te bewaar. En wanneer sy oud genoeg is dat die kêrels van die omgewing haar die hof kan maak, dan sal hulle haar optrede opweeg om te sien hoe hulle haar die beste kan eer. Sou sy so ontoeganklik soos 'n muur wees, dan sou hulle haar eer beskerm deur haar daarvoor te prys. Sou sy te toeganklik wees vir die jong manne se belangstelling, dan sou hulle haar help om gesonde grense te handhaaf.

Liefde is mooi. Intieme liefde is baie mooi, maar dit hoort binne die huwelik soos God dit bedoel het. Man en vrou sonder hulleself af vir mekaar en aan mekaar. Só moet ons onself aan Christus afsonder. Maar ons is swak en sondig en geneig tot alle kwaad. Daarom behoort ons daaglik God te dank dat Hy vir ons broers en susters gegee het wat oor ons waak. En daarom behoort ons ook oor ons medegelowiges se lewenswandel 'n ogie te hou. Wanneer ons dit doen, dan beskerm ons mekaar se eer, die eer van die kerk en die eer van God.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2

Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)